

Preekvoorgligting Sondag 28 Junie 2020

Skriflesing: Genesis 32

Teksvers: Genesis 32: 1, 2

Tema: Mahanaim – sien jy dit, of neem jy net daarvan kennis

Gen. 32 verse 1 en 2 – Jakob bevind hom hier tussen twee krisisse: Die Laban-episode net agter die rug en Esau-episode in aantog. Hieraan aandag gegee onder 3 punte:

1. God se leer

Soos reeds gesê, is Jakob hier in der waarheid tussen twee krisisse vasgevang – die een wat nou net afgehandel was met sy skoonpa Laban, wat vir alle praktiese doeleindes die pad van omdraai vir hom toegemaak het, en dan die een wat voorlê, die van om sy broer weer te ontmoet, wat die potensiaal gehad het dat hy en sy familie doodgemaak kon word. Dit is dan in hierdie stilte tussen die twee gebeure, dalk ‘n redelike benoude stilte, wat gelees word: *“Jakob het ook verder gereis, en die engele van God het hom ontmoet”* (vers 1). Wat gebeur toe? *“Toe hy hulle sien, sê Jakob: Dit is die leer van God! En hy het die plek Mahanaim genoem”*. Die groot saak hier – Jakob het gesien, hy het die leer van God gesien, hy het verder gesien as wat net hier vlak voor sy oë was.

2. Neem jy net kennis?

Jakob het gesien, vers 1, hy het gesien daar is twee kampe – sy kamp en God se kamp, en dit nadat God hom tegemoet gekom het, sy lewe binne getree het. Jakob gee selfs erkenning hieraan deur die plek ‘n besonder naam te gee, maar dan lees ons in vers 3: *“En Jakob het boodskappers uitgestuur voor hom uit na sy broer Esau in die land Seir”*. Wat doen hy? Hy maak planne, hy probeer sy broer se goeie guns wen, hy stuur ‘n klomp mense vooruit, hy stuur vir sy broer ‘n klomp geskenke, hy noem homself Esau se dienaar, dus sy slaaf. Toe hy van Esau se leer berig kry, deel hy sy kamp in twee, met die gedagte as Esau hom sou aanval, ‘n gedeelte van sy mense darem sal kan weggom. Hy bid selfs – *o God van my vader Abraham, o God van my vader Isak*. Wat maak die Here hier duidelik? Dit – Jakob het gesien maar net kennis geneem. Hy het gesien daar is twee kampe in hierdie lewe, maar steeds op sy eie voortgegaan.

3. Sien jy werklik?

Sonder om dit te verhef tot ‘n resep – die gebeure rondom Jakob soos in Gen. 32 opgeteken. Die man het voortgegaan met sy planne, hy het selfs nadat hy sy planne gemaak het, met respek gesê, God ook daarby probeer sleep (verse 9 – 11). Maar die Here het hom nie op hierdie pad gelos nie. Die Here gryp hom as’t ware voor die bors en gooi hom op die grond – die stoeigeveg verse 24 tot 30. Hoe lyk sy lewe daarna? In Gen. 33: 3, die volgende hoofstuk, is hy nie meer die een wat ander vooruit stuur, die een wat agter bly nie, maar hy is die een wat vooruit loop. Hierdie is nou ‘n mens wat leef as een wat gesien het, werklik gesien het. Gesien het dat die tweede kamp, die leer van God met sy kinders is, maar ook so leef dat dit duidelik word. Hy stry nie meer vir homself nie – hy stry nou vir God.

Mag dit vir ons wees: Mahanaim – ons het nie net kennis geneem nie, maar ons het werklik gesien, en dit tot ons algehele lewensverandering ook in hierdie ongewone tyd van die pandemie.